# Deelwoorde

## Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat is 'n deelwoord?

'n **Deelwoord** is 'n nuwe woord wat van 'n werkwoord afgelei of gevorm is.



slaap

Die hond **slaap**.

slapende

Dit is 'n **slapende** hond.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat is 'n deelwoord?

Die woordsoort verander as jy dit 'n deelwoord maak. Die **werkwoord** verander dan meestal in 'n **beskrywende woord** of **byvoeglike naamwoord**.

Die hond **slaap**.

slaap → werkwoord

Dit is 'n **slapende** hond.

slapende → byvoeglike naamwoord



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat is ‘n deelwoord?

LAERSKOOL MIKRO

Die woordsoort verander as jy dit ‘n deelwoord maak. Die **werkwoord** verander dan meestal in ‘n **beskrywende woord** of **byvoeglike naamwoord**.



Die baba **huil**.

huil → werkwoord

Die **huilende** baba is moeg.

huilende → byvoeglike naamwoord

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Deelwoord

Deelwoorde bestaan hoofsaaklik uit twee groepe:

**TEENWOORDIGE DEELWOORD**

kokende

**VERLEDE DEELWOORD**

gekookte

**SWAK VERLEDE DEELWOORD**

gebreekte

**STERK VERLEDE DEELWOORD**

gebroke

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Teenwoordige deelwoord

Die teenwoordige deelwoord word gebruik wanneer iets besig is om te gebeur.



werkwoord

Die prinses **lag**.

Die **laggende** prinses soen die lelike padda.

byvoeglike naamwoord



werkwoord

Die mense **dans**.

Die **dansende** mense luister na die lekker musiek.

byvoeglike naamwoord

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Teenwoordige deelwoord

Die teenwoordige deelwoord word gebruik wanneer iets besig is om te gebeur.

werkwoord

Die honde **blaf**.

Die **blaffende** honde maak my mal.

byvoeglike naamwoord





werkwoord

Die water **kook**.

Hy brand hom met **kokende** water.

byvoeglike naamwoord

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Teenwoordige deelwoord

Wanneer die aksie nog besig is om te gebeur, word –de, -ende of –end aan die einde van die woord gevoeg.

Byvoorbeeld:

| | |
|---|---|
| staan | staan**de** |
| sing | sing**ende** |
| daag uit | uitdag**end** |



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verlede deelwoord

Die verlede deelwoord word gebruik wanneer iets klaar gebeur het. Wanneer die aksie reeds gebeur het, word ge- of be- vooraan die woord gevoeg. Ons voeg –de of –te aan die einde by.



werkwoord

Ouma **bak** 'n brood.

Oupa eet graag **gebakte** brood.

verlede deelwoord



werkwoord

Pappa **kap** die hout.

Mamma soek **gekapte** hout vir die kaggel.

verlede deelwoord

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Swak verlede deelwoord

Swak verlede deelwoorde kry meestal ‘n ge- vooraan en die klinkers in die woord bly dieselfde.



Sy **skeur** haar broek.

Haar **geskeurde** broek moet reggemaak word.

→ swak verlede deelwoord (klinkers bly dieselfde)



Die vrou **kleur** haar hare.

Sy het **gekleurde** hare.

→ swak verlede deelwoord (klinkers bly dieselfde)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Sterk verlede deelwoord

Soms is dit nodig om die **klinker te verander** wanneer ons sterk verlede deelwoorde gebruik

| | |
|---|---|
| Die kind word **bederf**. | Hy is 'n **bedorwe** brokkie. |
| Haar hart is **gebreek**. | Sy het 'n **gebroke** hart. |
| Ons **kies** 'n nuwe klaskaptein. | Die **gekose** kind is 'n meisie. |
| Die kind **sluit** sy oë. | Hy luister met **geslote** oë na die musiek. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kom ons oefen 'n paar sinne

LAERSKOOL MIKRO

1. Die (sing) meisie staan op die verhoog.
2. Die (streep) rugbytrui is vuil.
3. Sy maak kaartjies van (vou) papier.
4. Die (dans) ballerinas het pienk strikke in hulle hare.
5. Die boek was (verbaas) goed.

1. Die **singende** meisie staan op die verhoog.
2. Die **gestreepte** rugbytrui is vuil.
3. Sy maak kaartjies van **gevoude** papier.
4. Die **dansende** ballerinas het pienk strikke in hulle hare.
5. Die boek was **verbasend** goed.

Laerskool Mikro Kopiereg ©